

Lydende en bedrywende vorm

In die eerste kwartaal het jy geleer van STOMPI, dit is dan presies hierdie formule wat jy ook met die lydende en bedrywende vorm gaan gebruik.

Maar hoe gaan jy die STOMPI-formule gebruik?

1. Die Subject en Object ruil plekke, d.w.s. die Onderwerp en die Voorwerp ruil plekke.
2. Die eerste werkwoord (v1) word vervang met die LYDENDE WERKWOORD.
3. Hoe lyk die LYDENDE WERKWOORD??
 Teenwoordige tyd → eet → word....deur geëet
 Verlede tyd → het → is deur....geëet
 Toekomstige tyd → sal → sal deur geëet word



Kyk na die volgende voorbeeld. Wat is die verskil?

Eerste manier: Die man het McDonalds geëet.
 Tweede manier: McDonalds is deur die man geëet.

Weet jy nog nie?

Doen gou die volgende: Verdeel die sinne in STOMPI

Watter twee letters ruil om? _____

Wat is bygesit by die tweede manier wat nie by die eerste manier is nie? _____

Watter tipe sin is die eerste manier? _____

Watter tipe sin is die tweede manier? _____



Eerste manier: Die man / het / McDonalds / geëet.
 S v1 O v2

Tweede manier: **McDonalds** is deur die man geëet.

Die S en O ruil om. Die eerste manier is die bedrywende vorm. Die tweede manier is die lydende vorm.

Die werkwoord "het" verander na "is deur...ge-".

Tyd en Wyse word as volg ingeskryf:

Word (tyd + wyse) deur ge-

Is (tyd + wyse) deur ge-

Sal (tyd + wyse) deur ge- word

Die handeling wat tweede plaasvind in saamgestelde sinne, bly onveranderd.

Kom ons oefen bietjie wat ons nou net geleer het.

1. Skryf die volgende sinne oor in die lydende vorm:

- a. Jan het geld by sy ouers geleen.
- b. Jy sal môre geld by jou ouers leen.
- c. Sy dra elke dag hoë platformskoene by die werk.
- d. Die brandweer kon die vuur nie vinnig blus nie.
- e. Moet ek die wa se wiel afhaal?
- f. Hulle sou dit maklik kon doen.
- g. Johan het gister die werk voltooi.

2. Skryf die volgende sinne oor in die bedrywende vorm.

- a. Daar word beweer dat sy onskuldig bevind is.
- b. Sitplekgordels moet tydens alle ritte gedra word.
- c. Roomys word deur die meisie geëet.
- d. 'n Fiets word deur die seun gery.
- e. 'n Lekker stukkie vleis word vanaand deur ons gebraai.
- f. Die vraestel is deur baie leerders gedruip.
- g. 'n Heerlike ete sal deur die kok vir ons voorberei word.